# Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

Maatskappy sonder winsbejag
Registrasienommer 2021 / 352528 / 08

Brief aan eiendomseienaars

## 1. Kennisgewing van die vyfde Algemene Jaarvergadering

Kennis geskied hiermee van die vyfde Algemene Jaarvergadering vir lede van die maatskappy.

**Datum en tyd: Woensdag 26 Augustus 2026 om 18:00**

**Plek: NG Kerksaal, Eerstelaan 36, Kleinmond**

Die sake op die agenda sluit die volgende in:
- Die Kleinmond SAG MSW se 2025/6 jaar- en finansiële verslae
- Die implementeringsplan vir 2026/7
- Goedkeuring van die begroting vir 2026/7
- Goedkeuring van die begroting vir 2027/8
- Aanstelling van ouditeure
- Verkiesing van direkteure

## 2. Lede

Volgens Paragraaf 9.2 van die maatskappy se Memorandum van Inkorporasie (MVI) word lidmaatskap van die maatskappy beperk tot persone (asook trustees van 'n trust, maatskappy of deeltitel-regspersoon) wat geregistreerde eienaars is van eiendom geleë in die Kleinmond SAG. Persone wat kwalifiseer vir lidmaatskap moet volgens Paragraaf 9.3 van die MVI op skrif aansoek doen om lidmaatskap.

Alle eiendomseienaars mag algemene vergaderings bywoon, maar slegs geregistreerde lede sal stemreg hê, tensy hulle 'n gevolmagtigde vir daardie doel aangewys het (sien paragraaf 3 hier onder). 'n Lys van geregistreerde lede sal voor die aanvang van die vergadering beskikbaar gestel word.

**LET WEL: Aansoeke om lidmaatskap moet voor 12:00 op 21 Augustus 2026 gestuur word na info@kleinmondsag.co.za sodat die administrasie van die KSAG die geldigheid daarvan kan bevestig. Lede wat reeds geregistreer is, hoef nie weer aansoek te doen nie.**

Lede word versoek om alle vrae en insette voor 21 Augustus 2026 aan info@kleinmondsag.co.za te stuur sodat daar voorberei kan word om korrekte antwoorde te voorsien.

## 3. Stemreg en volmag

Elke lid teenwoordig by die algemene vergadering of sy/haar gevolmagtigde het stemreg. Stemming sal deur die opsteek van hande geskied, tensy anders aangedui. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

**Lede wat nie die vyfde Algemene Jaarvergadering kan bywoon nie, kan die “Volmagvorm” invul en nie later nie as 12:00 op 21 Augustus 2026 stuur na info@kleinmondsag.co.za.**

## 4. Direkteure

Volgens die maatskappy se Memorandum van Inkorporasie (MVI) mag daar nie minder as 3 en nie meer as 10 direkteure wees nie.

Enige lid van die maatskappy mag genomineer word om verkiesbaar te wees as direkteur.

Elke direkteur moet voldoen aan die vereistes vir geskiktheid, soos uiteengesit in Artikel 69 van die Maatskappyewet. Daarby mag direkteure nie lede van dieselfde familie (soos gedefinieer in Artikel 2 (1) van die Inkomstebelastingwet) of andersins aan mekaar verbind (soos uiteengesit in Artikel 1 van die genoemde wet) wees nie.

Die volgende persone dien tans as direkteure van die maatskappy:

Dr PJL (Vic) Brink
Mnr CC (Charles) Swartz
Mnr JD (Jan) Stander
Mnr G (Guy) Andrews
Mnr J (Jean) du Plessis

Volgens paragraaf 12.1.6/7 van die MVI dien direkteure vir ’n termyn van drie jaar, maar minstens een derde van hulle moet elke jaar bedank. Hulle kan egter herkies word. Dit beteken twee lede moet nou bedank, en kan herkies word, sou hulle steeds beskikbaar wees.

**Diegene wat ’n lid wil nomineer om verkiesbaar as direkteur te wees, moet die nominasievorm voltooi en nie later nie as 12:00 op 21 Augustus 2026 na info@kleinmondsag.co.za stuur.**

**Besoek die KSAG-webwerf by www.kleinmondsag.co.za vir volledige inligting.**

**Vic Brink**
Voorsitter
Namens die Kleinmond SAG MSW Raad van Direkteure
3 Augustus 2026